Nuwe inisiatiewe hou verpleegkunde aan die voorpunt van gesondheidsorg

Sybelle Albrecht

Verpleegkundegraduandi van die Universiteit Stellenbosch is vandag oor die hele land versprei en baie van hulle werk in die verste uithoeke van die wêreld. Die era van voor-graadse Verpleegopleiding aan die Universiteit kom egter tot 'n einde in 2007 wanneer die laaste groep studente wat in 2004 tot die kursus toegelaat is, hul studies voltooi.

Die eerste groep Tanzaniese verpleegkundiges wat onlangs die nagraadse diploma in Operasiesaalverpleegkunde en Kritieke Sorg voltooi het, saam met die hoof van Verpleegkunde, prof Barene Welmann, tydens die Departement se wapenplegtigheid.

Die regering het besluit dat alle voorgraadse verpleegopleiding in die Wes-Kaap vanaf 2005 slegs deur die Universiteit van die Wes-Kaap verskaf sal word. Dit beteken egter nie dat Stellenbosch nou sy deure vir verpleegsters sluit nie. Innoverende nagraadse programme van die Departement Verpleegkunde in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe verseker steeds dat groot getalle verpleegsters toegerus word vir die uitdagings van geneeskunde in 'n nuwe millennium.

Die Departement Verpleegkunde gaan soos gewoonlik voort met belangrike nagraadse aanbiedings, sê die hoof van dié departement, prof Barene Welmann. "Ons kry terselfdertyd ook die geleentheid om insette te lewer op die gesamentlike platform, wat by die UWK geskep is vir voorgraadse Verpleegopleiding."

Die uitgebreide reeks nagraadse diploma- en graadprogramme wat die departement aanbied, is dan ook spesifiek gerig op die ontwikkeling van gespesialiseerde kennis en verpleegvaardighede. Dit sluit in kursusse in Psigiatriese Verpleegkunde; Kritieke Sorg; Operasiesaal-verpleegkunde; Verloskunde; Gemeenskapsverpleegkunde; Verpleegbestuur en Verpleegonderwys. Verpleegsters wat nie 'n formele graad het nie kan ook 'n nagraadse kwalifikasie behaal deur vir 'n tweejaar-Meesters-graadprogram in te skryf. Voorwaardes wat van toepassing is, sluit onder meer 'n vierjaar-kollegediploma in en aansoeke moet deur die Universiteit goedgekeur word.

Die uitgebreide reeks nagraadse diploma- en graadprogramme wat die departement aanbied, is spesifiek gerig op die ontwikkeling van gespesialiseerde kennis en verpleegvaardighede.

Omdat baie van die departement se programme deur telematiese onderrig aangebied word, het studentegetalle in die afgelope jare dramaties toegeneem, en aanleiding gegee tot bande met verskeie Afrikalande en die opleiding van groeiende getalle studente uit lande soos Swaziland, Namibië, Tanzanië, Botswana - en selfs uit Europa.

Onlangs het die eerste groep studente uit Tanzanië die kursus in Kritieke Sorg en Operasiesaalverpleging voltooi en 'n tweede groep is reeds besig met dieselfde kursus.